# Kareeberg Munisipaliteit

**45/2018 KWOTASIES: VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOMME**

Skriftelike kwotasies word hiermee ingewag vir die verhuring van die volgende meent kampe te Vosburg:

- K10 - 337 ha : 52 ooie
- K9 - 833 ha : 130 ooie

Voornemende kwoteerders se aandag word daarop gevestig dat kwotasies oorweeg sal word met inagneming die kriteria soos bepaal in die meentbeleid wat onder andere bepaal:

- bewys van vee besit of sal besit wanneer geplaas word.
- getal vee wat tans besit
- permanente inwoners binne munisipale gebied
- naam verstrek van 'n kommersiële boer wat as mentor gaan dien.

Kwoteerders duidelik aandui wat die huurgeld per jaar beloop. Geliewe voorts daarop te let dat dit maandeliks vooruitbetaalbaar is, en BTW van 15% sal op die kwoteerde bedrag gehef word

Kwotasies word voorts ingewag vir die verhuring van 'n halwe hektaar meent naby die oksidasie damme te Carnarvon. Die gedeelte is beskikbaar vir die aanplant van lusern vir veevoer alleenlik. Geen water is beskikbaar. Nodige reëlings vir toeganklikheid sal getref word. Geen opberging sal toegelaat word en geen tydelike strukture vir bewoning.

**Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie. Die ingevulde MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewys van enige gelde langer as drie maande aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendombelasting. (heg rekening aan).**

Verseëlde kwotasies gemerk **"VERHURING MUNISIPALE EIENDOMME"** moet die ondergetekende voor of op Vrydag, 15 Junie 2018 om 12:00 bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

Die kwotasies word hanteer volgens die voorsieningskanaalbestuurbeleid.


**MNR. MF MANUEL**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**Posbus 10**
**CARNARVON**
**8925**

**Tel: 053-3823 012**


**1 Junie 2018**
**L8.2.1**

**Noordwester 1 Junie 2018**